UNIVERSITEIT•STELLENBOSCH•UNIVERSITY
jou kennisvennoot • your knowledge partner

# Bestuursriglyne vir toepassing van die plasingsbeleid vir die 2019-inname van studente

*Hierdie dokument ondersteun die* ***Beleid vir plasing in koshuise en luister-, leer- en leefhuise, asook indeling by PSO-wyke en klusters*** *en word jaarliks aangepas. Die riglyne vir die 2019-inname sal op die webtuiste vir voornemende studente (www.maties.com) en dié vir huidige studente (my.sun.ac.za) gepubliseer word.*

---

## Inhoudsopgawe

**Bladsy**


**1. INLEIDING EN BEGINSELOORWEGINGS** 3
1.1 Inleiding en agtergrond 3
1.2 Belangrike beginseloorwegings in die plasingsbeleid 4

**2. VOORNEMENDE EERSTEJAARSTUDENTE IN VOORGRAADSE KOSHUISE** 5
2.1 Toepassing van die beleidskriteria op plasing van eerstejaars in voorgraadse koshuise 5
2.2 Prosedures en reëlings van toepassing op plasing van voornemende studente 7
2.3 Prosedures en reëlings van toepassing op die bestuur van waglyste vir voornemende studente 10
2.4 Prosedures en reëlings van toepassing op die kansellasie van verblyf voor die aanvang van die akademiese jaar (voornemende studente) 12

**3. SENIOR STUDENTE IN VOORGRAADSE KOSHUISE, SENIOR KOSHUISE EN/OF LUISTER-, LEER- EN LEEFHUISE** 13
3.1 Algemene reëls ten opsigte van heraansoek en herplasing 13
3.2 Prosedures en reëlings van toepassing op heraansoek en herplasing van huidige studente in voorgraadse koshuise (Stellenbosch-kampus) 14
3.3 Waglysbestuur vir voorgraadse koshuise (Stellenbosch-kampus) 17
3.4 Prosedures en reëlings van toepassing op plasing van studente in senior koshuise (Stellenbosch-kampus) 18
3.5 Waglysbestuur vir senior koshuise (Stellenbosch-kampus) 19
3.6 Prosedures en reëlings van toepassing op heraansoek en herplasing van huidige studente (Tygerberg-kampus) 20
3.7 Prosedures en reëlings van toepassing op plasing van studente in luister-, leef- en leerhuise (LLL-huise) 21

3.8 Reëlings ten opsigte van heraansoek vir studente in leierskapsposisies in koshuise 21
3.9 Prosedures en reëlings van toepassing op PSO-studente wat om koshuisplasing aansoek doen en PSO-leiers in studentehuise (HK-huise) (Stellenbosch-kampus) 22
3.10 Plasings deur die Universiteit Stellenbosch Internasionaal 22

**4. PROSEDURES EN REËLINGS VAN TOEPASSING OP KANSELLASIE OF OPSEGGING VAN KOSHUISVERBLYF** 23
4.1 Voor die aanvang van die akademiese jaar 23
4.2 Na die aanvang van die akademiese jaar (huidige studente) 23

**5. PROSEDURES EN REËLINGS VAN TOEPASSING OP OORPLASING OF VERSKUIWING VAN STUDENTE** 24

**6. PROSEDURES EN REËLINGS VAN TOEPASSING OP VERBLYFGELD** 25

**7. PROSEDURES EN REËLINGS VAN TOEPASSING OP STUDENTE WAT PRIVAAT BLY (PSO-STUDENTE)** 25

**8. VERBLYFAANBOD EN -REËLS** 26
8.1 Prosedures en reëlings van toepassing op die handhawing van reëls 26
8.2 Prosedures en reëlings van toepassing op die verblyfaanbod 27
8.3. Prosedures en reëlings van toepassing op verblyf gedurende vakansies 29
8.4. Prosedures en reëlings van toepassing op was- en beddegoed 29
8.5 Prosedures en reëlings van toepassing op etes 29
8.6 Prosedures en reëlings van toepassing op gedrag 30
8.7 Bouwerk en instandhouding 30

# 1. INLEIDING EN BEGINSELOORWEGINGS

## 1.1 Inleiding en agtergrond

1.1.1 Die plasingsbeleid is oorhoofs daarop toegespits om die hele leefwêreld van studente aan die Universiteit Stellenbosch (US) – sowel binne as buite die klas – as belangrike bydraende faktor tot studentesukses te optimaliseer. Studente se algehele universiteitservaring dra by tot hul uiteindelike sukses of gebrek daaraan. Die Universiteit het dus ’n verantwoordelikheid om daardie leefwêreld so goed moontlik te benut en te organiseer.

1.1.2 Die optimalisering van studente se buiteklasleefwêreld moet, soos dié van hul binneklasleefwêreld, ook by die Universiteit se visie, missie en strategiese doelwitte aansluit. In hierdie verband is die sogenaamde eienskappe of profiel van die afgestudeerde Stellenbosse student van besondere belang.

1.1.3 In die praktyk beteken ’n strategie vir die optimalisering van die buiteklasleefwêreld van studente dus dat die Universiteit ook buite en ter ondersteuning van die formele kurrikulum sal probeer om alles wat die student se optimale ontwikkeling beïnvloed, so te skik dat dit tot studentesukses bydra. Die strategie sluit die volgende in:

1.1.3.1 ’n Strewe na uitnemendheid en om op die voorpunt te bly, ook wat die ko-kurrikulum betref, en om sodoende afgestudeerdes te help skep wat gesog is weens hul afgerondheid en kreatiewe, kritiese denke.

1.1.3.2 Deeglike ondersoek van die verskillende leefwêrelde waarin alle studente aan die US hulle bevind, en hoe daardie leefwêrelde gestruktureer, aangepas en selfs hervorm kan word om optimaal tot die beste moontlike universiteitservaring vir alle studente by te dra. Dit hou onder meer verband met die organisasie van die Universiteit wat betref transformasie, ’n verwelkomende en vriendelike kampus, die mobiliteitsplan en maatreëls om by ’n voortdurend veranderende werklikheid aan te pas.

1.1.3.3 ’n Geïntegreerde beskouing van koshuisplasing, plasing in luister-, leef- en leer- (LLL-)huise en indeling by Privaatstudenteorganisasie- (PSO-)wyke en klusters,[1] wat alles sistemies verbind is. Die een kan dus nie sonder inagneming van die ander gewysig of aangepas word nie.

[1] ’n Kluster is ’n groep koshuise wat hoofsaaklik geografies gegroepeer is en waarby een of twee PSO-wyke ingedeel word om ’n studentegemeenskap te vorm. Die kluster is ’n kleiner studentegemeenskap wat daarop ingestel is om die gehalte van alle studente se universiteitservaring te verhoog en in die besonder PSO-studente se integrasie by die kampuslewe te verbeter.

1.1.3.4 Studenteplasing en -indeling wat tot die vorming van gesonde, diverse gemeenskappe bydra, om op sy beurt optimale vorming en ontwikkeling in die buiteklaskonteks en uiteindelike (akademiese en ander) sukses te verseker. In hierdie verband is die volgende uitgangspunte van belang:

a) Die proses word as ’n strategiese aangeleentheid bestuur om ’n sistemies-holistiese benadering tot studente-ontwikkeling moontlik te maak.
b) Dit veronderstel die vorming van gesonde, diverse gemeenskappe, wat weer tot die handhawing van ’n positiewe leerkultuur en ’n ryker leerervaring in die klusters lei.
c) Dit bly ’n belangrike strewe wanneer studente in koshuise geplaas word om voorkeur te gee aan studente wie se kanse op suksesvolle studie beduidend deur koshuisverblyf verbeter kan word (soos nuwelingeerstejaars of studente in verlengde graadprogramme).
d) Akademiese meriete versterk deur diversiteit is ’n belangrike faktor wat deurlopend verreken moet word.
e) Regverdigheid, konsekwentheid en praktiese uitvoerbaarheid is verdere waardes wat in die plasingsbeleid verreken word.

## 1.2 Belangrike beginseloorwegings in die plasingsbeleid

1.2.1 ’n Eerste rigtinggewende beginsel in die beleid is *uitnemendheid* versterk deur *diversiteit*. Dít word deurentyd saam met al die ander bepalings in die plasingsbeleid verreken.

1.2.1.1 Diversiteit word as ’n baie belangrike bydraende faktor in die ontwikkeling van gesonde gemeenskappe sowel as studente-uitnemendheid beskou. Daarom wil die Universiteit ook diversiteitsryke omgewings in US-studentegemeenskappe skep. Sodoende erken die Universiteit dat studente in talle opsigte divers is (nie net wat etnisiteit betref nie) en dat daardie diversiteit ook in die samestelling van studentegemeenskappe, waaronder koshuise en ander woonomgewings, weerspieël moet word.

1.2.1.2 Voorts moet die diversiteitsprofiel waarna die Universiteit in koshuise streef, in pas wees met die diversiteitsdoelwitte wat die Universiteit op langer termyn stel. Hiermee wil die beleid dus groter inklusiwiteit bewerkstellig deur alle studente te verseker dat hul diversiteit, in samehang met dié van ander studente, uiteindelik tot groter uitnemendheid sal bydra.

1.2.2 ’n Tweede belangrike beginsel in die beleid is dat die kwesbaarste studente liefs in koshuise gehuisves moet word. Dit is onder meer waarom senior studente ná die normale duur van hul voorgraadse program uit ’n oorwegend voorgraadse koshuis na ander tipes

verblyf, soos ’n senior koshuis, LLL-huis of PSO-wyk, moet aanbeweeg. Hierdie oorweging hou rekening met:

1.2.2.1 die rykheid van studente se universiteitservaring, en hul verdere ontwikkeling en voorbereiding vir die uitdagings ná universiteit;

1.2.2.2 nuwelinge se kwesbaarheid (en, by implikasie, die deurvloeikoers van die Universiteit), wat swaarder weeg as senior studente se behoefte om nóg ’n jaar dieselfde verblyfervaring te hê; en

1.2.2.3 die uitbreiding van verblyf aan die US, wat beteken dat daar vir die meeste seniors wat ná voorgraadse koshuise aanbeweeg, blyplek in senior koshuise of LLL-huise sal wees.

# 2. VOORNEMENDE EERSTEJAARSTUDENTE IN VOORGRAADSE KOSHUISE

## 2.1 Toepassing van die beleidskriteria op plasing van eerstejaars in voorgraadse koshuise

2.1.1 *<u>Plasingskategorie – akademiese meriete</u>:* Plasing vind hoofsaaklik volgens akademiese meriete plaas. Aanbiedings in dié kategorie berus op die aansoeker se graad 11-eindeksamenpunte indien die aansoeker in sy/haar graad 12-jaar aansoek doen. Indien die student reeds gematrikuleer het, word die graad 12-eindeksamenpunte as kriterium vir akademiese meriete gebruik.

2.1.2 *<u>Plasingskategorie – diversiteit</u>:* Nadat die aanvanklike plasing volgens akademiese meriete afgehandel is, word die diversiteitsprofiel van studente wat geplaas is, met die bestuur se teikenprofiel vergelyk. Die oorblywende koshuisplekke word dan op grond van vyf diversiteitsfaktore aan studente toegeken om die mikpuntprofiel so goed moontlik te bereik, hoewel akademiese prestasie ook steeds in ag geneem word.

2.1.2.1 Wat diversiteit betref, word studente op grond van die volgende vyf faktore geklassifiseer:

(a) Suid-Afrikaanse of buitelandse burgerskap;

(b) voorkeurtaal (Afrikaans, Engels of ander);

(c) etnisiteit (wit, bruin, swart Afrikaan, Asiaties of Indiër);

(d) eerstegenerasie- of nie-eerstegenerasiestudent; en

(e) ekonomiese klas (vir studente wat finansiële ondersteuning benodig en op grond van ’n middeletoets vir ’n beurs in aanmerking kom).

2.1.2.2 Die bestuur stel jaarliks ’n diversiteitsprofiel vas waarna die volgende plasingsrondte moet streef. Die profiel word bereken met inagneming van die Universiteit se doelwitte en die bestaande studentekorps.

2.1.2.3 Ondanks sy/haar diversiteitsprofiel sal geen nuwelingeerstejaarstudent met ’n gemiddeld van minder as 60% in graad 11 of 12 in ’n koshuis geplaas word nie,[2] tensy om spesiale redes, soos studente in verlengde graadprogramme (VGP) of studente met spesiale leerbehoeftes (met verwysing na fisiese gestremdhede) wat koshuisplek vereis.

2.1.3 *<u>Plasingskategorie – spesiale plasings</u>:* Plasing volgens verdere, spesiale bepalings in die beleid vind in noue samehang met die eerste twee plasingskategorieë, naamlik akademiese meriete en diversiteit, plaas en is nie bykomende plekke nie:[3]

2.1.3.1 Bloemhof Beursfonds Trust (BBT): 40 vroue + 5 mans = altesaam 45. Die name van die aansoekers moet die plasingsbeamptes elke jaar teen die vasgestelde datum bereik. Die nominasies vir plasing word nie deur die Universiteit gemaak nie, maar deur die BBT, kragtens ’n regsooreenkoms tussen die BBT en die US.

2.1.3.2 VGP-plasings: Minstens 40 vroue + 40 mans = altesaam 80. Hierdie plasings word gelyk oor die koshuise heen versprei (ongeveer 4 per koshuis).

2.1.3.3 Sportplasings: 35 vroue + 35 mans = altesaam 70. Die voorgestelde teiken vir swart Afrikaan, bruin, Indiër en Asiatiese studente is 40% van die plasings.[4] Die name van die aansoekers moet die Koshuisplasingskantoor elke jaar teen die vasgestelde datum bereik. Maties Sport is vir die nominasie van studente vir plasing verantwoordelik. Plasing in Huis Neethling, ’n koshuis vir sportpresteerders, word ook deur Maties Sport gedoen.

2.1.3.4 Rektorsdiskresionêre plasings: Plasing van studente op grond van strategiese redes soos deur die Rektor versoek.

2.1.3.5 Plasing van studente met fisiese gestremdhede: Plasing van studente met gestremdheid wat mobiliteit strem en daarom Universiteitsbehuising noodsaak. Plasing word in konsultasie met die Eenheid vir Gestremdhede gedoen.

2.1.4 *<u>Plasings op die Tygerberg-kampus:</u>*

2.1.4.1 Op die Tygerberg-kampus word koshuisplasings op grond van werwingsbeurstoekennings en akademiese meriete gemaak, soos deur die keuringspunt bepaal.

---

[2] ’n Bestuursbesluit wat van tyd tot tyd aangepas word.

[3] Punt 2.1.3.1 tot 2.1.3.4 is alles onderworpe aan ’n bestuursbesluit wat van tyd tot tyd aangepas word.

[4] ’n Bestuursbesluit wat van tyd tot tyd aangepas word.

2.1.4.2 In gevalle waar plekke beperk is, kan aspekte soos afstand van die kampus in ag geneem word.

2.1.4.3 Finansiële ondersteuning op grond van behoeftigheid word ook deurlopend as kriterium vir plasing in ag geneem.

2.1.5 Die Viserektor (Leer en Onderrig), synde die Universiteitsbestuurder in wie se verantwoordelikheidsentrum (VS) die beleid val, is verantwoordelik om die jaarlikse wysiging van spesifieke getalle en/of persentasies en ander besonderhede vir die toepassing en implementering van die beleid te bepaal.

## 2.2 Prosedures en reëlings van toepassing op plasing van voornemende studente

2.2.1 Koshuisaansoeke maak deel uit van die algemene aansoekvorm vir toelating tot die US. Voornemende studente kan aanlyn aansoek doen by www.maties.com, of Kliëntediens by 021 808 9111 skakel vir enige hulp.

2.2.2 Koshuisaansoeke vir die Stellenbosch-kampus sluit op **30 Junie** van die aansoekjaar. Laat aansoeke word nie aanvaar nie.

2.2.3 Die beleid maak voorsiening vir spesifieke plasingskategorieë. Die beleid is beskikbaar deur middel van die "Verblyf"-skakel op die webtuiste vir voornemende studente, www.maties.com.

2.2.4 Koshuisverblyf is beperk en aan ŉ keuringsproses onderworpe. **Daar is dus geen waarborg dat studente ŉ plek in ŉ koshuis of in die koshuis van hul keuse sal kry nie.**

2.2.5 Om vir koshuisplasing oorweeg te word, moet aansoekers tot ŉ program aan die Universiteit toegelaat word. Indien aansoekers se eerste studiekeuse aan uitgebreide keuring onderworpe is (soos ŉ program in die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe), kan ŉ tweede keuse aangedui word. Sodoende kan voornemende studente verseker dat hulle steeds vir koshuisplek vir hul tweede keuse oorweeg word, selfs al sou hulle nie vir hul eerste studiekeuse aanvaar word nie.

2.2.6 Studente wat tot die program BAgric (Elsenburg), ŉ program aan die Bestuurskool (Bellville-kampus), of ŉ program via telematiese onderrig (afstandsonderrig) toegelaat word of vir MB,ChB, Fisioterapie of Dieetkunde gekeur word (met inbegrip van laat keurings aan die begin van die akademiese jaar), word nie in koshuise op die Stellenbosch-kampus gehuisves nie.

Let wel:

2.2.6.1 Voornemende studente wat vir MB,ChB, BSc in Fisioterapie en BSc in Dieetkunde gekeur word, doen aansoek om plasing in ʼn koshuis op die Tygerberg-kampus, sowat 45 km vanaf die Stellenbosch-kampus.

2.2.6.2 Studente wat die programme in Spraak-Taal- en Gehoorterapie (in hul eerste en tweede jaar) en Arbeidsterapie (in hul eerste jaar) volg, sal nie op die Tygerberg-kampus gehuisves word nie. Hulle kan vir koshuisplasing op die Stellenbosch-kampus in aanmerking kom.

2.2.6.3 Koshuisplasings op die Tygerberg-kampus vind eers ná die afhandeling van die keuringsproses (in Augustus) plaas. Gekeurde studente sal ʼn keuringsbrief en ʼn koshuisaansoekvorm vanaf die Tygerberg-kampus ontvang.

2.2.6.4 ʼn Plek in ʼn Stellenbosch-koshuis waarborg nie ʼn koshuisplek op die Tygerberg-kampus nie.

2.2.6.5 BAgric (Elsenburg)-studente doen aansoek om koshuisplasing op Elsenburg en nie op die Stellenbosch-kampus nie.

2.2.7 Studente wat by die Universiteit registreer vir vakke of modules wat nie tot die verwerwing van ʼn volwaardige kwalifikasie aan die Universiteit lei nie (spesiale studente), kwalifiseer ook nie vir koshuisplasing nie. Hierdie reëling is ook op studente in leiersposisies in koshuise van toepassing.

2.2.7.1 Spesiale of kortkursusstudente, asook studente wat toelating tot die SciMathUS- of soortgelyke program verkry, word nie in ʼn Universiteitskoshuis gehuisves nie.

2.2.7.2 Voltydse geregistreerde studente aan die Universiteit wat in dieselfde studiejaar ook voltyds werk en daarvoor betaal word, mag nie van Universiteitsverblyf gebruik maak nie.

2.2.8 Die plasingsprosedure sal teen **31 Oktober** afgehandel wees. Aansoekers behoort teen daardie tyd te weet of hulle ʼn plek in die koshuis gekry het. Indien ʼn aansoek onsuksesvol was, sal die Universiteit dit ná 31 Oktober bevestig.

2.2.9 Die aansoekstatus van studente wat in ʼn Stellenbosch-koshuis geplaas word, verander na "Gereserveer" op www.maties.com. Op hierdie tydstip word studente egter nog nie in ʼn spesifieke koshuis geplaas nie.

2.2.10 Sodanige aansoekers ontvang ʼn reserveringsbrief wat vereis dat ʼn aanvaardingsbedrag van R6 350 teen ʼn bepaalde datum betaal word. Let in dié verband op die volgende:

2.2.10.1 Die betaling van die aanvaardingsbedrag bevestig dat die aansoekers hul plek in die koshuis, die bepalings van die plasingsbeleid, die bestuursriglyne, sowel as die bepalings en voorwaardes wat saam met die reserveringsbrief aan hulle gestuur word (en ook op www.maties.com gepubliseer word), aanvaar.

2.2.10.2 Die aanvaardingsbedrag vorm deel van die **eerste verpligte paaiement** vir jou koshuisverblyf. Die volle **eerste paaiement** moet by registrasie betaal word.

2.2.10.3 Indien die aanvaardingsbedrag nie teen die sperdatum ontvang word nie, sal die student se aansoek om koshuisplasing gekanselleer word. Die student se aansoekstatus op www.maties.com verander dus na "Gekanselleer".

2.2.10.4 Indien 'n student **op grond van behoefte finansiële bystand** ontvang, kan die student van die aanvaardingsbedrag vrygestel word en op grond van die plekke beskikbaar vir plasing oorweeg word.

2.2.10.5 Die bankbesonderhede vir betaling van die aanvaardingsbedrag is soos volg:

| **Kontantdeposito's:** | **Aanlyn betaling per kredietkaart:** |
|---|---|
| Bank: Standard Bank<br>Rekeningnaam: US Studentegelde<br>Rekeningnommer: 063163225<br>Rekeningtipe: Tjek<br>Takkode: 050610 of 051001<br>Verwysing: US-studentenommer (slegs die eerste agt syfers)<br>Faks/e-pos bewys van betaling na + 27 21 808 3739 of studentaccounts@sun.ac.za | Gaan na www.maties.com.<br>Kliek op "Gelde".<br>Kliek op "Betalingsopsies".<br>Volg die stappe.<br>Faks/e-pos bewys van betaling na + 27 21 808 3739 of studentaccounts@sun.ac.za |

2.2.11 Plasing in spesifieke koshuise vind plaas wanneer die reserveringsproses afgehandel is, gewoonlik in September. Die koshuis waarin die student geplaas word, sal onder "Aansoekstatus" op www.maties.com verskyn en ook in 'n plasingsbrief bevestig word.

2.2.12 Indien 'n student op enige tydstip nie meer in 'n koshuis geplaas wil word nie, moet die plek gekanselleer word deur 'n e-pos na info@sun.ac.za te stuur.

2.2.13 Die volgende is voorts belangrik met betrekking tot plasing in 'n Universiteitskoshuis:

2.2.13.1 Koshuisverblyf is beperk, so die Universiteit kan nie waarborg dat studente 'n plek in 'n koshuis of in die koshuis van hul keuse sal kry nie.

2.2.13.2 Indien 'n student nie in 'n voorkeurkoshuis geplaas is nie, beteken dit dat die kategorie waarin hy/sy in daardie koshuise geplaas sou word reeds gevul is (kyk plasingskategorieë in afdeling 2 van hierdie dokument).

2.2.13.3 Ooreenkomstig beginsels van die koshuisplasingsbeleid om 'n eweredige verspreiding van studente vanuit diverse agtergronde in alle koshuise te verseker, word geen oorplasings tussen koshuise toegelaat nie.

2.2.13.4 Die Universiteit behandel alle studente dieselfde, ongeag of hul ouers oud-Maties is; daar word nie op grond van ouers se alumnusstatus voorkeur aan aansoekers verleen nie.

2.2.13.5 Aangesien verskillende plasingskategorieë gebruik word, kan dit gebeur dat studente met laer punte voor diegene met hoër punte geplaas word.

2.2.13.6 Daar is GEEN enkelkamers vir eerstejaars beskikbaar nie, behalwe in Majuba en Metanoia.

2.2.13.7 Die Universiteit oorweeg slegs senior studente vir plasing in studentehuise en Universiteitswoonstelle.

2.2.13.8 Alle koshuisplasings is voorwaardelik. Koshuisplasing waarborg nie toelating tot die Universiteit nie. Indien 'n student byvoorbeeld aan die einde van graad 12 nie aan die Universiteit se toelatingsvereistes voldoen nie, sal enige aanbod om koshuisplasing verval.

2.2.13.9 Daar is baie min parkeerplek op kampus. Senior studente kry voorkeur wanneer koshuisparkeerplek en parkeerplek op straat toegewys word.

2.2.13.10 Koshuise word vir die Junie- en Desembervakansies ontruim, en daar word van studente verwag om voor hul vertrek al hul besittings uit hul kamers te verwyder. Die meeste koshuise het egter bergingsfasiliteite.

2.2.14 Indien die aansoeker teen **31 Oktober** nog nie 'n gereserveerde of bevestigde plek in 'n koshuis gekry het nie, was die aansoek om koshuisplasing onsuksesvol. Die Universiteit sal vroeg in November die status met die aansoeker bevestig. Dit sal ook onder "Aansoekstatus" op www.maties.com verskyn. Indien die student steeds vir 'n koshuisplek op die Stellenbosch-kampus oorweeg wil word, kan hy/sy vanaf **1 November** op die elektroniese koshuiswaglys by www.maties.com registreer of na www.stayatstellenboschuniversity.co.za gaan om privaat verblyf te soek.

## 2.3 Prosedures en reëlings van toepassing op die bestuur van waglyste vir voornemende studente

2.3.1 **November-waglys**

2.3.1.1 Indien 'n student steeds vir 'n koshuisplek op die Stellenbosch-kampus oorweeg wil word nadat plasing aan die einde van Oktober afgehandel is, kan hy/sy vanaf **1 November** op die elektroniese koshuiswaglys by www.maties.com registreer.

2.3.1.2 Registrasie op die waglys sluit op die dag wat die akademiese jaar in Februarie begin en klasse 'n aanvang neem.

2.3.1.3 Let op die volgende:

(a) Dieselfde plasingskategorieë soos vir ander plasings word gebruik (kyk paragraaf 2.1). Dit is dus moontlik dat ŉ student wat laer op die waglys is, geplaas word voor ander studente wat hoër op die lys is, op grond van een van die plasingskategorieë. **Ooreenkomstig die koshuisplasingsbeleid word voorkeur verleen aan studente op die waglys wat op grond van finansiële behoefte befonds word.**

(b) Studente se posisie op die waglys sal voortdurend verander namate ander kandidate registreer.

(c) Wat akademiese meriete betref, sal dieselfde punte soos in paragraaf 2.1.1 en 2.1.4.1 uiteengesit is, geld. Die aansoeker sal nie op hierdie stadium sy/haar punte met ŉ matriekpunt kan aanpas nie, aangesien die plasingsproses voor die aanvang van die akademiese jaar nog voltooi moet word. Wanneer ŉ plek op die waglys beskikbaar is, sal die Koshuisplasingskantoor ŉ aanbod maak ongeag die keuse van spesifieke koshuis.

(d) Hou asseblief in gedagte dat ŉ plek in ŉ koshuis of in die koshuis van ŉ student se keuse so laat in die proses beperk is. Ons beveel sterk aan dat studente privaat verblyfopsies oorweeg. Besoek www.stayatstellenboschuniversity.co.za vir meer inligting oor privaat verblyf.

2.3.2 **Februarie-waglys**

2.3.2.1 Die elektroniese waglys van November verval op die eerste dag van die akademiese jaar, aan die begin van Februarie. Daarna open ŉ nuwe waglys. Studente wat hul name op hierdie nuwe Februarie-waglys wil plaas, kan dit by my.sun.ac.za doen.

2.3.2.2 So laat in die proses is daar ongelukkig geen waarborg dat ŉ student wel ŉ koshuisplek sal kry of in die koshuis van sy/haar keuse geplaas sal word nie. Die kriteria vir koshuisplasing sal steeds geld.

2.3.2.3 Wat akademiese meriete betref, sal die Universiteit nou die student se finale eindeksamenpunte (graad 12) in ag neem.

2.3.2.4 Studente se posisie op die waglys sal voortdurend verander namate verdere kandidate aansoek doen en ander kanselleer.

2.3.2.5 **Die plasingskriteria (kyk paragraaf 2.1) sal steeds geld. Dit beteken dat ŉ student met ŉ laer graad 12-gemiddeld of wat op ŉ later tydstip op die waglys geregistreer het bo ŉ student met ŉ hoër akademiese gemiddeld geplaas kan word.**

2.3.3 Indien ’n student sy/haar toegekende koshuisplek kanselleer, of kanselleer nadat hy/sy in ’n koshuis ingetrek het, of die aanbod wat gemaak is van die hand wys, sal die student met die waglys afskuif. Die Universiteit het immers reeds die betrokke student ’n kans gegee om ’n plek te aanvaar.

## 2.4 Prosedures en reëlings van toepassing op die kansellasie van verblyf voor die aanvang van die akademiese jaar (voornemende studente)

2.4.1 Kansellasie van koshuisverblyf word slegs aanvaar indien dit skriftelik of per e-pos gedoen word. Voornemende studente wat hul koshuisverblyf wil kanselleer, moet dus ’n e-pos na info@sun.ac.za stuur, met vermelding van hul studentenommer en rede vir kansellasie.

2.4.2 Sonder sodanige kennisgewing sal studente nie vir enige terugbetaling van die aanvaardingsbedrag in aanmerking kom nie.

2.4.3 Die datum van ontvangs van die skriftelike kennisgewing sal as die amptelike datum vir die berekening van enige verskuldigde geld gebruik word.

2.4.4 In geval van kansellasies, word die aanvaardingsbedrag soos volg hanteer:

- 2.4.4.1 Vir kansellasies **voor of op 31 Oktober** van die jaar wat die betrokke losiesjaar voorafgaan, sal die volle koshuisaanvaardingsbedrag terugbetaal word.
- 2.4.4.2 Waar die koshuisaanvaardingsbedrag terugbetaal moet word, moet studente die bankbesonderhedevorm voltooi.
- 2.4.4.3 Enige kansellasie ná 31 Oktober is aan ’n kansellasiefooi van **R700** onderworpe.
- 2.4.4.4 Vir kansellasies ’n week nadat die NSS-resultate beskikbaar gestel word in Januarie van die betrokke losiesjaar word die volle aanvaardingsbedrag verbeur.
- 2.4.4.5 Studente wat nie teen die aanvang van die verwelkomingsprogram opdaag nie, verbeur ook die volle aanvaardingsbedrag, en die Universiteit behou die reg om hul koshuisplekke te kanselleer.
- 2.4.4.6 Studente wat nie toelating tot hul voorgenome program kry nie of wat weens omstandighede buite hul beheer nie kan gebruik maak van die koshuisplek waarvoor hulle reeds die vereiste aanvaardingsbedrag betaal het nie, kan deur middel van ’n volledig gemotiveerde brief aansoek doen om terugbetaling van die aanvaardingsbedrag. Die brief moet aan die Koshuisplasingskantoor gerig en na info@sun.ac.za gestuur word.
- 2.4.4.7 Terugbetaling van enige geld berus egter by die Universiteit.

2.4.5 Koshuisplek word vir die volle akademiese jaar toegeken. Indien studente hul verblyf ná die aanvang van die akademiese jaar kanselleer, moet ’n kansellasiefooi van 30% van die uitstaande verblyfgeld betaal word.

# 3. SENIOR STUDENTE IN VOORGRAADSE KOSHUISE, SENIOR KOSHUISE EN/OF LUISTER-, LEEF- EN LEERHUISE

## 3.1 Algemene reëls ten opsigte van heraansoek en herplasing

3.1.1 **Sluitingsdatums**: Alle studente (Tygerberg- en Stellenbosch-kampus) wat reeds in ’n Universiteitskoshuis of privaat woon, moet voor **31 Julie** elke jaar elektronies aansoek doen by my.sun.ac.za om weer in ’n Universiteitskoshuis opgeneem te word.

3.1.2 **Akademiese kriteria:** Sodanige aansoeke sal slegs oorweeg word indien die betrokke studente na die oordeel van die Universiteit **akademies bevredigend presteer** het en indien daar voldoende beskikbare koshuisplek is. Alle toelatings bly onderworpe aan die bepalings van die Universiteit se plasingsbeleid. Dit is dus nie ’n gegewe dat enige inwoner in ’n koshuis weer die opeenvolgende jaar in ’n koshuis of ’n spesifieke koshuis geplaas gaan word nie.

3.1.3 **Duur:** In die lig van die beginsel dat die kwesbaarste studente, naamlik eerstejaarstudente, so ver moontlik in koshuise gehuisves moet word, mag senior studente in **voorgraadse koshuise** in die reël hoogstens vir die **normale duur van die voorgraadse program** waarvoor hulle aanvanklik ingeskryf het, in daardie koshuise bly. Studente mag **hoogstens drie jaar** in **senior koshuise en LLL-huise** woon, selfs al het hulle reeds in ’n voorgraadse koshuis gewoon.

3.1.4 **Registrasie vir voltydse program**: Studente moet vir ’n voltydse program ingeskryf wees om vir Universiteitsverblyf in aanmerking te kom. Indien ’n student later as Februarie van die akademiese jaar inskryf, sal hy/sy nie in ’n koshuis geplaas word nie en sal die plek gekanselleer word en aan ’n student op die waglys toegeken word.

3.1.4.1 Studente wat by die Universiteit registreer vir vakke of modules wat nie tot die verwerwing van ’n volwaardige kwalifikasie aan die Universiteit lei nie (spesiale studente), kwalifiseer ook nie vir koshuisplasing nie. Dit sluit studente in wat leierskapsposisies in koshuise beklee.

3.1.4.2 Spesiale of kortkursus-studente, asook studente wat toelating tot die SciMathUS- (of soortgelyke) program verkry, word nie in ’n Universiteitskoshuis gehuisves nie.

3.1.4.3 Voltydse geregistreerde studente aan die Universiteit wat in dieselfde studiejaar ook voltyds werk en daarvoor betaal word, mag nie van Universiteitsverblyf gebruik maak nie.

3.1.5 **Kampus:** Studente wat die program BAgric (Elsenburg) of ’n program aan die Bestuurskool (Bellville-kampus) volg, of vir MB,ChB, ’n telematiese onderrigprogram (afstandsonderrig), Fisioterapie of Dieetkunde gekeur word (met inbegrip van laat keurings aan die begin van die akademiese jaar), word nie in koshuise op die Stellenbosch-kampus gehuisves nie. Studente wat die programme Arbeidsterapie en Spraak-Taal- en Gehoorterapie volg, kan om koshuisplasing op die Stellenbosch-kampus in hul eerste jaar (Arbeidsterapie) en tweede jaar (Spraak-Taal- en Gehoorterapie) aansoek doen.

3.1.6 **Studente met fisieke gestremdhede wat koshuisplasing noodsaak:** Studente met fisiese gestremdhede wat koshuisplasing noodsaak, moet asseblief die plasingsbeamptes by die Koshuisplasingskantoor besoek.

## 3.2 Prosedures en reëlings van toepassing op heraansoek en herplasing van senior studente in voorgraadse koshuise (Stellenbosch-kampus)

3.2.1 Alle inwoners van senior en voorgraadse koshuise wat aansoek doen om vir ’n betrokke jaar weer in ’n koshuis opgeneem te word, se opname word volgens hul akademiese prestasie in die Junie- en die November/Desember-eksamen van die voorafgaande jaar of jare bepaal.

3.2.2 In die reël word studente tussen die ouderdom van 18 en 21 vir herplasing in voorgraadse koshuise oorweeg.

3.2.3 Die Universiteit behou die reg om op grond van die **Junie-eksamenuitslae** en studierekords van die voorafgaande jaar of jare, verblyf voorwaardelik aan heraansoekers toe te ken of te weier. Indien studente se akademiese prestasie sodanig is dat hulle nie aan die vereistes vir akademiese hertoelating voldoen nie, word geen koshuisplek aan hulle toegeken nie.

3.2.4 Wat die **vereistes vir herplasing in koshuise** op die Stellenbosch-kampus betref, let op die volgende:

3.2.4.1 Herplasingsvereistes vir koshuise is slegs ’n voorlopige aanduiding, en kan van jaar tot jaar opwaarts aangepas word om aan die gestelde diversiteitsteikens te voldoen.

3.2.4.2 Die minimum modulekredietvereistes vir heraansoek om voortgesette koshuisverblyf kan jaarliks aangepas word.

3.2.4.3 Vir die normale duur van ’n student se kurrikulum word verwerfde krediete volgens die HEMIS-kredietstelsel vir akademiese hertoelating tot die Universiteit bereken.

(a) Een HEMIS-krediet is gelykstaande aan die totale getal modulekrediete wat vir ’n bepaalde jaargang van ’n bepaalde program voorgeskryf word. Een HEMIS-krediet is byvoorbeeld gelyk aan 126 modulekrediete in die geval van BA (eerste jaar), 133 modulekrediete in die geval van BSc (nie-finale jaar), en 144 modulekrediete in die geval van gewone BCom (nie-finale jaar).

(b) Volledige besonderhede van die berekenings wat aan die hand van die HEMIS-skaal gedoen word, verskyn onder “Hertoelating na onsuksesvolle studie” in Deel 1 van die Universiteit se Jaarboek.

(c) Vir jaarvakke waarvoor daar slegs ’n vorderingspunt beskikbaar is, moet ’n vorderingspunt van 48% behaal word om die helfte van die betrokke module se krediete in berekening te bring. Vir vorderingspunte laer as 48% word geen krediete in daardie module in berekening gebring nie.

(d) In die geval van tweedesemester- en jaarmodules waarvoor daar nie ’n prestasiepunt aan die einde van die jaar beskikbaar is nie, of waar ’n prestasiepunt van 48 behaal is en die tweede eksamen nog nie geskryf is nie, word ’n prestasiepunt P = 48 of ’n klaspunt K = 50 as voldoende aanvaar vir die doeleinde van koshuistoelating in die daaropvolgende jaar.

(e) Indien ’n student modules herhaal wat hy/sy reeds geslaag het ten einde sy/haar punte te verbeter, sal die krediete nie weer bygevoeg word nie. Die student het die krediete reeds in ’n vorige akademiese jaar ontvang.

(f) Krediete vir kortkursusse word nie met HEMIS-berekening in aanmerking geneem nie.

(g) Let wel dat die vereiste HEMIS-krediete om ’n akademiese program voort te sit en die vereiste HEMIS-krediete vir herplasing in ’n koshuis verskil.

3.2.4.4 Die akademiese prestasie van ’n student ná bogenoemde beoordeling sal bepaal of losies voorwaardelik toegeken word of nié op daardie tydstip toegeken word nie.

3.2.4.5 Tabel 1 en 2 dui die HEMIS-krediete aan waaraan studente in die Junie-eksamen moet voldoen om weer voorlopig vir ’n koshuisplek in die volgende jaar in aanmerking te kom:

**Tabel 1: HEMIS-krediete op grond van Junie-eksamenresultate in hoofstroomprogramme om vir voorlopige hertoelating tot koshuis die volgende jaar te kwalifiseer (glyskaal A1)**

| **Historiese jare** | **0,5** | **1,5** | **2,5** | **3,5** | **4,5** | **5,5** |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **HEMIS-krediete** | 0,3375 | 1,16 | 2,0825 | 2,7 | 3,6 | 4,00 |

**Tabel 2: HEMIS-krediete op grond van Junie-eksamenresultate in goedgekeurde verlengde graadprogramme om vir voorlopige hertoelating tot koshuis die volgende jaar te kwalifiseer (glyskaal B1)**

| **Historiese jare** | **0,5** | **1,5** | **2,5** | **3,5** | **4,5** | **5,5** |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **HEMIS-krediete** | Nie van toepas-sing nie | 0,8 | 1,232 | 1,8 | 2,7 | 3,6 |

3.2.4.6 Studente in **verlengde graadprogramme (VGP's)** word nie in jaar 1 ná die Junie-eksamen aan die hand van die voorlopige koshuishertoelatingskriteria (ingevolge glyskaal B1, tabel 2) gemeet nie. VGP-studente moet wel ná die Desember-eksamen aan die HEMIS-kredietvereistes vir hertoelating tot koshuise in die daaropvolgende jaar voldoen.

(a) Vanaf jaar 2 geld bogenoemde vereistes vir koshuishertoelating, eers ingevolge glyskaal B2 en daarna B1. Indien VGP-studente om hertoelating tot 'n fakulteit moet aansoek doen, verloor hulle hul koshuisplasing. Jaar 4,5 en 5,5 hierbo (in tabel 1 en 2) geld vir studente in leierskapsposisies.

(b) Indien 'n student nie die Junie-eksamengeleentheid benut nie, word die klaspunt in berekening gebring, wat 48% of hoër moet wees om enige kredietgewig te dra. In geval van 'n jaarmodule, moet die vorderingspunt 48% of hoër wees, in welke geval die helfte van die module se krediete tot die student se voordeel gereken word.

(c) Afgesien van die vereistes in tabel 2 word 0,20 HEMIS-krediete ten opsigte van elke betrokke semester vereis.

3.2.4.7 Indien studente hul koshuisplasing in Junie verloor, kan hulle nie op plasing aanspraak maak indien hulle in Desember die nodige krediete (ingevolge tabel 3 en 4 hieronder) behaal nie. In uitsonderlike gevalle waar koshuisplek in die daaropvolgende jaar beskikbaar kom, kan studente saam met ander, soortgelyke gevalle vanaf 'n waglys vir koshuisplasing oorweeg word. Die

waglys open aan die begin van Februarie en is op die studenteportaal by my.sun.ac.za beskikbaar.

3.2.4.8 Tabel 3 en 4 dui die HEMIS-krediete aan waaraan studente in die Desember-eindeksamen moet voldoen om hul voorlopige koshuisplek, wat op grond van die Junie-eksamen toegeken is, vir die volgende jaar te behou:

3.2.4.9 Die numeriese faktor word tot die tweede desimale syfer bereken en telkens opwaarts aangepas indien die breuk meer as twee desimale syfers bevat. Let ook daarop dat akademiese hertoelating by glyskaal B2 (tabel 4) voorkeur geniet. Dít impliseer dat studente wat weer tot hul fakulteite toegelaat word, ook hertoelating tot die koshuis kry, behalwe as die fakulteit se hertoelatingsperk laer is as die perke in glyskaal B2 (tabel 4). Jaar 5 en 6 (tabel 3 en 4) is van toepassing op studente in leierskapsposisies.

**Tabel 3: HEMIS-krediete op grond van Desember-eksamenresultate in hoofstroomprogramme om voorlopige koshuisplasing vir die volgende jaar te behou (glyskaal A2)**

| **Historiese jare** | **1** | **2** | **3** | **4** | **5** | **6** |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **HEMIS-krediete** | 0,45 | 1,45 | 2,45 | 3,00 | 4,00 | 5,00 |

**Tabel 4: HEMIS-krediete op grond van Desember-eksamenresultate in goedgekeurde verlengde graadprogramme om voorlopige koshuisplasing vir die volgende jaar te behou (glyskaal B2)**

| **Historiese jare** | **1** | **2** | **3** | **4** | **5** | **6** |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **HEMIS-krediete** | 0,45 | 1,00 | 1,45 | 2,00 | 3,00 | 4,00 |

## 3.3 Waglysbestuur vir voorgraadse koshuise (Stellenbosch-kampus)

3.3.1 Nadat die herplasingsproses aan die einde van Augustus afsluit, word die beskikbare plekke en kansellasies in voorgraadse koshuise vir die plasing van voornemende studente toegewys. **Totdat klasse vir die volgende akademiese jaar in Februarie begin, sal daar dus geen waglys vir huidige studente in voorgraadse koshuise beskikbaar wees nie.**

3.3.2 ’n Waglys open aan die begin van Februarie wanneer klasse vir die nuwe akademiese jaar ’n aanvang neem. Hierdie waglys is op die studenteportaal by my.sun.ac.za beskikbaar.

3.3.3 Alle studente wat steeds vir plasing oorweeg wil word, kan in die volgende drie kategorieë op hierdie waglys registreer:

3.3.3.1 Eerstejaar (voorgraadse koshuis)

3.3.3.2 Huidige student wat om voorgraadse koshuise aansoek doen

3.3.3.3 Huidige student wat om senior verblyf aansoek doen

3.3.4 Studente sal volgens akademiese meriete geplaas word. Die beleidsbeginsels soos uiteengesit in paragraaf 1.2 ten opsigte van diversiteit en kwesbaarheid binne die konteks van akademiese meriete sal steeds van toepassing wees.

3.3.5 Studente wat nie aan die akademiese kriteria voldoen nie kan op hierdie waglys registreer indien hulle steeds binne die minimum duur vir voorgraadse verblyf val. Sodanige studente sal slegs vir plasing oorweeg word indien geen akademies verdienstelike studente daarop aanspraak maak nie.

## 3.4 Prosedures en reëlings van toepassing op plasing van studente in senior koshuise (Stellenbosch-kampus)

3.4.1 Senior studente wat uit voorgraadse koshuise beweeg, moet formeel om ’n plek in ’n senior koshuis of LLL-huis aansoek doen.

3.4.2 Vir plasing in senior koshuise in Stellenbosch geld dieselfde twee kernbepalings, naamlik akademiese meriete en diversiteit.

3.4.3 Die maksimum ouderdom vir studente in senior koshuise en/of LLL-huise is tans 26 jaar. In uitsonderlike gevalle, en as daar plek beskikbaar is, kan studente ouer as 26 jaar gehuisves word.

3.4.4 Die senior koshuise akkommodeer hoofsaaklik studente wat reeds in ander voorgraadse koshuise gebly het.

3.4.5 Nagraadse studente en studente wat op voorgraadse vlak aan die Universiteit gestudeer het, word op grond van hul geweegde gemiddelde per krediet vergelyk, en diegene met ’n hoër geweegde gemiddelde per krediet kry voorkeur bo studente met ’n laer geweegde gemiddelde per krediet. Die geweegde gemiddelde per krediet word vir voorgraadse prestasie bereken.

3.4.6 Senior voorgraadse aansoekers (ouer as 21) wat vir senior koshuise aansoek doen, moet voldoen aan die akademiese kriteria vir plasing in voorgraadse koshuise soos bepaal in paragraaf 3.2.

3.4.7 As gevolg van beperkte plek kan nuwelingeerstejaars in senior koshuise slegs in senior koshuise geplaas word volgens die waglys wat in Februarie van die akademiese jaar open. Ons beveel sterk aan dat studente privaat verblyfopsies oorweeg. Besoek www.stayatstellenboschuniversity.co.za vir meer inligting oor privaat verblyf.

3.4.8 Studente mag vir ’n **maksimum tydperk van drie jaar** in senior koshuise en/of LLL-huise bly, selfs al het hulle reeds in ’n voorgraadse koshuis gebly. Die tydperk loop op ongeag of die student van koshuis of program verander het.

3.4.9 Senior studente mag vir langer in senior koshuise bly indien hulle tot leierskapstrukture behoort en aan al die akademiese vereistes voldoen.

## 3.5 Waglysbestuur vir senior koshuise (Stellenbosch-kampus)

3.5.1 September-waglys vir senior koshuise: Nadat die amptelike herplasingsproses aan die einde van Augustus afsluit, sal ’n waglys vir senior koshuise in September open.

3.5.2 Wanneer kansellasies in senior koshuise ontvang word, sal die plasing van studente in die volgende volgorde van voorkeur oorweeg word:

- 3.5.2.1 Huidige studente in die betrokke koshuis wat aan die bepaalde akademiese vereistes voldoen en wat nie die maksimum van drie jaar in ’n senior koshuis oorskry nie.
- 3.5.2.2 Aansoekers van voorgraadse koshuise wat aan die bepaalde akademiese vereistes voldoen.
- 3.5.2.3 Huidige senior studente wat ’n voorgraadse program volg en die minimum duur van die program oorskry die drie jaar wat vir senior koshuise toegeken is.
- 3.5.2.4 Huidige studente wat van privaat verblyf gebruik maak en aan die akademiese HEMIS-kriteria voldoen en wat om senior verblyf vir die volgende jaar aansoek gedoen het.
- 3.5.2.5 Die beleidsbeginsels soos uiteengesit in paragraaf 1.2 ten opsigte van diversiteit en kwesbaarheid (soos finansiële ondersteuning op grond van behoefte en afstand) binne die konteks van akademiese meriete sal steeds van toepassing wees.

3.5.3 Februarie-waglys: Die September-waglys vir senior verblyf verval wanneer klasse vir die nuwe jaar in Februarie begin. Die nuwe Februarie-waglys open vir alle studente. Enige senior student kan op hierdie waglys registreer.

3.5.4 Studente sal volgens akademiese meriete geplaas word. Die beleidsbeginsels soos uiteengesit in paragraaf 1.2 sal ook van toepassing wees.

3.5.5 Studente wat nie aan die akademiese kriteria voldoen nie kan op hierdie waglys registreer indien hulle steeds binne die minimum duur vir senior verblyf val. Hulle sal egter slegs vir plasing oorweeg word indien geen akademies verdienstelike studente daarop aanspraak maak nie.

3.5.6 Indien ’n student sy/haar toegekende koshuisplek kanselleer, of kanselleer nadat hy/sy in ’n koshuis ingetrek het, of die aanbod wat gemaak is van die hand wys, sal die student

met die waglys afskuif. Die Universiteit het immers reeds die betrokke student ’n kans gegee om ’n plek te aanvaar.

## 3.6 Prosedures en reëlings van toepassing op heraansoek en herplasing van huidige studente (Tygerberg-kampus)

3.6.1 Alle studente wat reeds in ’n Universiteitskoshuis of privaat woon, moet voor **31 Julie** elke jaar elektronies aansoek doen by my.sun.ac.za om (weer) in ’n Universiteitskoshuis opgeneem te word.

3.6.2 Sodanige aansoeke sal slegs oorweeg word indien die betrokke studente na die oordeel van die Universiteit akademies bevredigend presteer het en indien daar voldoende plek beskikbaar is. Alle toelatings bly onderworpe aan die bepalings van die Universiteit se plasingsbeleid. **Dit is dus nie ’n gegewe dat enige inwoner in ’n koshuis weer die opeenvolgende jaar in ’n koshuis of ’n spesifieke koshuis geplaas gaan word nie.**

3.6.3 Vir studente in die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe wat hul eerste jaar in ’n koshuis op die Stellenbosch-kampus gewoon het en wat daarna na die Tygerberg-kampus moet skuif, sal die toewysing van plek in ’n koshuis op die Tygerberg-kampus afhang van die beskikbaarheid van plek ná die plasing van eerstejaarstudente in koshuise op die Tygerberg-kampus.

3.6.4 Op die Tygerberg-kampus is daar geen voorgraadse koshuise nie, maar word daar ’n onderskeid tussen junior en senior koshuise gemaak, en studente beweeg deur die loop van hul voorgraadse studie van junior na senior koshuise.

3.6.5 Die junior fase vir MB,ChB-studente word breedweg beskou as die eerste tot die derde jaar, terwyl die senior fase beskou word as die vierde tot die sesde jaar. Vir die aanvullende gesondheidswetenskappe word die junior fase breedweg as die eerste tot die derde jaar beskou, terwyl die senior fase na die vierde jaar verwys.

3.6.6 As vertrekpunt word daar gemik vir ’n 40:60-verhouding van eerstejaars tot tweede- en derdejaars in die junior koshuise op die Tygerberg-kampus.

3.6.7 Akademiese kriteria dien as die primêre kriteria vir herplasing in ’n koshuis.

3.6.8 Verdere kriteria wat ook as herplasingskriteria vir studente op die Tygerberg-kampus oorweeg kan word, is diskresionêre faktore soos afstand vanaf die kampus, toegang tot vervoer, finansiële en sosiale omstandighede, en gesondheidsfaktore.

3.6.9 Wat die **waglys** betref, open ’n nuwe waglys teen die einde van Februarie van die veblyfjaar en verval dié waglys op 31 Augustus van daardie jaar. Op 1 September open ’n nuwe waglys gegrond op die aansoeke wat vir die volgende verblyfjaar ontvang word.

3.6.10 Indien ’n student sy/haar toegekende koshuisplek kanselleer, of kanselleer nadat hy/sy in ’n koshuis ingetrek het, of die aanbod wat gemaak is van die hand wys, sal die student

met die waglys afskuif. Die Universiteit het immers reeds die betrokke student ’n kans gegee om ’n plek te aanvaar.

## 3.7 Prosedures en reëlings van toepassing op plasing van studente in luister-, leef- en leerhuise (LLL-huise)

3.7.1 Die diversiteitsprofiel wat vir die LLL-inisiatief nagestreef word, speel ’n bepalende rol. Aansoekers word dus volgens die diversiteitsbehoeftes van die oorkoepelende LLL-inisiatief geplaas. Die diversiteitsprofiel sluit die kategorieë van geslag, etnisiteit, fakulteit en nasionaliteit in.

3.7.2 Senior studente doen regstreeks by die LLL-kantoor aansoek om plasing in LLL-huise. Die aansoeke word vir plasing oorweeg nadat dit oorweeg is deur ’n eksterne paneel wat deur die LLL-kantoor aangewys word.

3.7.3 Studente wat nie vir ’n voltydse graadprogram ingeskryf is nie, kwalifiseer nie vir verblyf in LLL-huise nie, soos uiteengesit in paragraaf 2.2.7.

3.7.4 Die maksimum ouderdom vir studente in LLL-huise is 26 jaar, soos uiteengesit in paragraaf 3.2.3, en studente mag vir ’n maksimum tydperk van drie jaar in LLL-huise bly, soos uiteengesit in paragraaf 3.2.8.

## 3.8 Reëlings ten opsigte van heraansoek vir studente in leierskapsposisies in koshuise

3.8.1 Aspirantleiers moet heraansoek doen om koshuisplasing vir die volgende jaar.

3.8.2 Studente kan slegs leierskapsposisies beklee indien hulle vir koshuisplasing kwalifiseer. Leiers wat byvoorbeeld nie aan die vereiste HEMIS-prestasie vir koshuisplasing voldoen of ’n volwaardige kredietdraende graadprogram volg nie (bv. wat as spesiale studente ingeskryf is), kwalifiseer nie vir koshuisplasing nie. Hulle kan dus nie ’n leierskapsposisie in ’n koshuis beklee nie.

3.8.3 Senior studente in voorgraadse koshuise mag in die reël hoogstens vir die normale duur van die voorgraadse program waarvoor hulle aanvanklik ingeskryf het, in daardie koshuise bly (die tydperk loop op ongeag of die student van koshuis verander of eers later in die koshuis geplaas is). Indien ’n student egter tot leierskapstrukture behoort, soos byvoorbeeld primarius/primaria, huiskomiteelid, klustersameroeper of mentor, kan die minimum verblyf in ’n koshuis verleng word.

3.8.4 Senior studente in senior koshuise mag ook ’n langer tydperk bly (hoogstens drie jaar) indien hulle tot leierskapstrukture behoort en aan al die akademiese vereistes voldoen.

3.8.5 Op die Tygerberg-kampus kan studenteleiers ook langer as die voorgeskrewe drie jaar in die junior koshuise woon.

3.8.6 Kyk ook paragraaf 3.3 vir reëlings met betrekking tot die Tygerberg-kampus ten opsigte van die junior en senior fases.

3.8.7 Let asseblief daarop dat slegs 25% van die lede van 'n mentorgroep in 'n koshuis langer as die normale duur van hul graadstudies ingeskryf mag wees.

## 3.9 Prosedures en reëlings van toepassing op PSO-studente wat om koshuisplasing aansoek doen en PSO-leiers in studentehuise (HK-huise)(Stellenbosch-kampus)

3.9.1 Huidige studente wat privaat woon en vir koshuisverblyf in aanmerking wil kom, kan in die voorafgaande jaar aanlyn by my.sun.ac.za om koshuisplasing aansoek doen.

3.9.2 Beperkte plekke is egter beskikbaar in voorgraadse koshuise vir studente wat privaat woon (PSO's) en word op grond van beskikbaarheid geallokeer.

3.9.3 Akademiese prestasie word as primêre kriterium vir plasing in voorgraadse koshuise gebruik. Kyk ook reëlings ten opsigte van die voorgraadse en senior waglyste.

3.9.4 Reeds ingeskrewe studente wat vir die eerste keer in 'n Universiteitskoshuis opgeneem wil word (dit wil sê studente wat tot op daardie punt privaat gebly het), moet ná plasing die voorgeskrewe aanvaardingsbedrag betaal.

3.9.5 Leiers wat vir PSO-huiskomitees verkies word, word in PSO-huise geplaas, met inbegrip van die klusterhuis waar klusterleiers geplaas word.

3.9.6 Hierdie leiers moet aan die reëls vir die plasing van leiers in koshuise voldoen, bv. die minimum akademiese vereistes.

3.9.7 Indien beskikbare plekke nie deur HK-lede van die spesifieke PSO gevul word nie, sal die beskikbare plek vir 'n mentor, senior huislid of nuweling van daardie spesifieke PSO aangebied word, in daardie volgorde. Indien daar steeds 'n plek beskikbaar is, sal plasing gedoen word volgens die waglys wat deur die Koshuisplasingskantoor bestuur word. Studente wat geplaas word, moet aan die plasingskriteria voldoen.

## 3.10 Plasings deur die Universiteit Stellenbosch Internasionaal

3.10.1 Die Universiteit Stellenbosch Internasionaal (USI) fokus hoofsaaklik op die plasing van semesterstudente. Byna 20% van die plasings deur SUI se behuisingskantoor is egter binne die opsies van die Suid-Afrikaanse plasingskantoor. Dié 20% is op graadsoekende studente gemik en hul plasing moet voldoen aan dieselfde vereistes as vir enige plasing

wat deur die Suid-Afrikaanse plasingskantoor gemaak word (veral ten opsigte van HEMIS-vereistes).

3.10.2 Semesterstudente word volgens die beginsel eerste kom, eerste maal geplaas, nadat die volgende plasings, wat 80% van alle plasings uitmaak, gemaak is:

3.10.2.1 Alle heraansoeke van die vorige semester

3.10.2.2 Alle uitruilooreenkomste met vennoot-universiteite

3.10.2.3 Alle diensleweringsooreenkomste

3.10.2.4 ’n Gebalanseerde plasing tussen die getal:

(a) Uitruilstudente

(b) onverbonde (“freemover”) studente

(c) Verbonde studente

(d) Studente in kort programme

3.10.3 Die behuisingskantoor volg ook hul eie siklus vir heraansoek per semester. Eerstesemester- internasionale plasings moet elke jaar voor of op 15 April vir die tweede semester heraansoek doen en alle tweedesemester- internasionale plasings moet voor of op 15 September vir die eerste semester heraansoek doen.

3.10.4 Internasionale studente wat in koshuise geplaas wil word, moet USI se kantoor via www.sun.ac.za/international kontak.

# 4. PROSEDURES EN REËLINGS VAN TOEPASSING OP KANSELLASIE OF OPSEGGING VAN KOSHUISVERBLYF

## 4.1 Voor die aanvang van die akademiese jaar

4.1.1 Ingeskrewe studente kan voorlopige plasing kanselleer tot en met 30 September van die jaar voor die verblyfjaar waarop die kansellasie betrekking het, sonder om vir verblyfgeld vir die volgende jaar aanspreeklik gehou te word.

4.1.2 Indien kansellasie ná bogenoemde datum dog voor die aanvang van die akademiese jaar plaasvind, sal die Universiteit ’n kansellasiefooi hef. ’n Kansellasiefooi van R1 000 is betaalbaar vir kansellasie van verblyf **ná 30 September**; R2 000 is betaalbaar **ná 31 Oktober**, en R3 000 is betaalbaar **ná 30 November** van die jaar voor die verblyfjaar waarop die kansellasie betrekking het.

## 4.2 Na die aanvang van die akademiese jaar (huidige studente)

4.2.1 Indien ingeskrewe studente hulle verblyf wil kanselleer, moet hulle die Koshuisplasingskantoor skriftelik daarvan in kennis stel deur ’n e-pos aan info@sun.ac.za te rig of die nodige vorms by die Koshuisplasingskantoor in te vul.

4.2.2 Die datum van ontvangs van die skriftelike kennisgewing sal as die amptelike datum vir die berekening van enige verskuldigde geld gebruik word.

4.2.3 Studente is aanspreeklik vir ’n kansellasiefooi van 30% van die uitstaande verblyfgeld.

4.2.4 Studente moet op die dag van kansellasie hul koshuiskamer ontruim.

4.2.5 Indien studente verblyf op grond van siekte kanselleer en ’n bevredigende mediese sertifikaat voorlê, kan hulle van aanspreeklikheid van die kansellasiefooi onthef word.

4.2.6 Terugbetaling van enige koste berus egter by die Universiteit.

# 5. PROSEDURES EN REËLINGS VAN TOEPASSING OP OORPLASING OF VERSKUIWING VAN STUDENTE

5.1 Weens die groot vraag na ’n beperkte getal koshuisplekke, sal voornemende studente nie noodwendig in die spesifieke koshuis van hul keuse geplaas word nie.

5.2 In die lig van die Universiteit se strewe om diversiteit in alle koshuise te bevorder en om studente uit verskillende agtergronde eweredig oor koshuise te versprei, word geen versoeke van voornemende studente vir ’n oorplasing van een koshuis na ’n ander oorweeg nie.

5.3 Die Universiteit behou die reg om ’n student van een Universiteitskoshuis/-huis na ’n ander oor te plaas waar dit dalk nodig kan wees.

5.4 Huidige studente sal slegs in uitsonderlike gevalle van een koshuis na ’n ander oorgeplaas word. Die Hoof: Koshuisplasing kan ’n versoek om oorplasing goedkeur op grond van:

5.4.1. die beskikbaarheid van plek in koshuise;

5.4.2. ’n grondige motivering;

5.4.3. oorlegpleging met betrokke rolspelers soos die Sentrum vir Studentevoorligting en -ontwikkeling en Kampusgesondheidsdienste;

5.4.4. en in oorlegpleging met die Sentrum vir Studentegemeenskappe (SSG).

5.5 Die Universiteit behou ook die reg om:

5.5.1 te weier om ’n student in ’n Universiteitskoshuis op te neem;

5.5.2 ’n koshuisinwoner se losies in Universiteitsverblyf met een week kennisgewing op te sê; en

5.5.3 ’n student voortgesette losies in Universiteitsverblyf te ontsê waar ’n student se optrede die vorming van gesonde studentegemeenskappe in gedrang bring.

5.6 Bogenoemde sal, waar nodig, deur die volgende reëlings voorafgegaan word: ’n Komitee wat spesiaal vir dié doel deur die Direkteur: SSG saamgeroep is, sal eerstens bepaal of ’n inwoner se gedrag wél gesonde gemeenskapsvorming dermate ondermyn (het) dat dit die ontsegging van ’n koshuisplek regverdig, en tweedens, of ander reëlings getref kan word om die situasie op te los.

5.7 Sodanige komitee sal uit minstens vyf persone bestaan, naamlik die Direkteur: SSG as sameroeper, die Direkteur: Koshuisplasings, ’n personeellid uit die Sentrum vir Studentesake, ’n studenteverteenwoordiger wat deur die Studenteraad aangewys word, en minstens een personeellid uit die Sentrum vir Studentevoorligting en -ontwikkeling.

## 6. PROSEDURES EN REËLINGS VAN TOEPASSING OP VERBLYFGELD

6.1 Alle inligting oor verblyfgeld is in Deel 3 van die Jaarboek van die Universiteit vervat.

6.2 Jaarlikse verblyfgeld dek die tydperk van ongeveer 18 Januarie tot 10 Desember in ’n bepaalde jaar (na gelang van hoe die Universiteitskalender daar uitsien, met uitsluiting van die Universiteitsvakansies in die middel en aan die einde van die jaar). Studente moet hulle jaarliks van die betrokke aanvangsdatums vir huiskomitees, eerstejaars en senior studente vergewis. Verblyf gedurende voormelde tydperk word ook nie in die vorm van ’n bepaalde toegewese bed gewaarborg nie, en die Universiteit behou die reg om studente, na gelang van behoefte en beskikbaarheid, na afloop van die betrokke eerste eksamengeleenthede na ander verblyf te verskuif.

6.3 Inwoners wie se verblyfgeld een semester agterstallig is, word slegs met die toestemming van die Afdeling Studentegelde toegelaat om langer in ’n koshuis te bly.

6.4 Die Universiteitsraad behou die reg om verblyfgeld wat aan die Universiteit betaalbaar is (kyk Deel 3 van die Jaarboek) sonder kennisgewing te wysig.

6.5 Inwoners is aanspreeklik vir alle skade wat hulle in ’n koshuis (of ander Universiteitshuisvesting, soos ’n woonstel of huis) aanrig, en alle verskuldigde geld vir herstelwerk wat uit die skade spruit, word op hul studenterekening gedebiteer.

## 7. PROSEDURES EN REËLINGS VAN TOEPASSING OP STUDENTE WAT PRIVAAT BLY (PSO-STUDENTE)

7.1 Alle studente wat nie in Universiteitskoshuise geplaas word nie, word in PSO-wyke opgedeel. PSO is ’n afkorting vir Privaatstudente-organisasie – die organisasie wat daarna streef om studente wat nie in Universiteitskoshuise woon nie in staat te stel om, net soos die koshuisstudente, deel te wees van die studentelewe op die kampus.

7.2 PSO’s verskaf nie akkommodasie nie – dit is die student se eie verantwoordelikheid om geskikte privaat verblyf te vind.

7.3 Die Privaatstudente-organisasie (PSO) bestaan uit 11 wyke, naamlik Libertas, Oude Molen, Pieke en Vesta (manswyke); Aristea, Equité, Silene en Venustia (dameswyke); en Aurora, Olympus en Osler (gemengde mans-en-dameswyke, met laasgenoemde op die Tygerberg-kampus).

7.4 Alle studente wat privaat bly, is onderworpe aan die reglement van die Universiteit en die privaat wyke waarvan hulle lid is.

7.5 Kragtens ’n besluit van die Raad is alle privaat studente verplig om lid van die Privaatstudente-organisasie (PSO) te word en PSO-ledegeld te betaal.

7.6 Studente wat in geakkrediteerde private akkommodasie woon, vorm steeds deel van die betrokke PSO-wyk.

7.7 Wat PSO- en dus ook klusterindelings betref, is dit eweneens belangrik om die twee kernbepalings, naamlik akademiese meriete en diversiteit, na te streef.

7.8 Dieselfde mikpunt word ook nagejaag, naamlik om studente so in te deel dat dit tot die vorming van gesonde, diverse gemeenskappe sal bydra, wat op sy beurt optimale vorming en ontwikkeling in die buiteklaskonteks en uiteindelike (akademiese en ander) sukses sal verseker.

7.9 Ten einde die bogenoemde doelwitte te behaal, word studente ingevolge die Universiteit se plasingsbeleid ewekansig by PSO-wyke, en sodoende ook by een van die sewe klusters, ingedeel.

7.10 ’n Kluster is ’n groep koshuise wat hoofsaaklik geografies gegroepeer is en waarby een PSO-wyk (in geval van ’n geïntegreerde mans-en-vrouewyk) of twee PSO-wyke (in die geval van afsonderlike mans- en vrouewyke) ingedeel word om ’n studentegemeenskap (tans ongeveer 2 500 tot 3 000 studente) te vorm. So ’n kluster met koshuise en PSO-wyke word oorkoepelend deur ’n ResEd-koördineerder met bystand deur ’n studenteleierskapstruktuur bestuur. Die kluster is ’n kleiner studentegemeenskap wat daarop ingestel is om die gehalte van alle studente se universiteitservaring te verhoog en in die besonder PSO-studente se integrasie by die kampuslewe te verbeter.

7.11 Die klusters is: Wimbledon (Eendrag, Helshoogte, Sonop, Irene, Aristea en Vesta); Victoria (Monica, Harmonie, Wilgenhof, Oude Molen, Silene en Huis de Villiers); Vicmeyr (Dagbreek, Majuba, Minerva, Huis Ten Bosch, Lydia en Aurora); amaMaties (Serruria, Nemesia, Erica, Helderberg, Libertas en Equité); Validus (Simonsberg, Huis Visser, Huis Marais, Goldfields, Academia en Olympus); Rubix (Nerina, Metanoia, Heemstede, Venustia en Pieke); en Tygerberg (Kerkenberg, Meerhof, Huis Francie van Zijl, Hippokrates en Osler).

7.12 ’n Gereguleerde PSO-oorplasingsproses word deur die PSO-kantoor bestuur ten einde data in te win en buitengewone omstandighede te hanteer.

# 8. VERBLYFAANBOD EN -REËLS

## 8.1 Prosedures en reëlings van toepassing op die handhawing van reëls

8.1.1 Die handhawing van die koshuisreëls berus eerstens by die betrokke inwonende hoof van ’n koshuis of studentehuis, die primarius/primaria en die huiskomitee, en studente moet dié persone hierin bystaan.

8.1.2 Die inwonende hoof of PSO-koördineerder moet die huisreëls (interne huisreëls, wat ook op ander tipes verblyfomgewings, soos klusters, woonstelle en huise, van toepassing is) en enige veranderinge daaraan aan die Direkteur: SSG voorlê. Kandidate wat hul vir leierskapsposisies verkiesbaar wil stel, moet eers deur die SSG goedgekeur word. Hiervoor sal die Direkteur: SSG en die betrokke inwonende hoof die akademiese prestasie sowel as die gedrag van die genomineerdes in ag neem, en die reg hê om sekere studente se name van die kandidatelys te verwyder.

8.1.3 Die lede van die huiskomitee is verantwoordelik vir die handhawing van die reglemente van die Universiteit, die koshuisreëls en die reëls van die betrokke kluster of huis.

8.1.4 Dit is die inwonende hoof se verantwoordelikheid om te verseker dat slegs studente wat deur die Koshuisplasingskantoor in die koshuis geplaas is, in die koshuis woon.

## 8.2 Prosedures en reëlings van toepassing op die verblyfaanbod

8.2.1 Alle losies in ’n Universiteitskoshuis, -woonstel of -huis word vir ’n volle akademiese jaar toegeken, onderworpe aan die bepalings oor die ontruiming van koshuiskamers/Universiteitshuise gedurende sekere vakansies en tweede eksamengeleenthede.

8.2.2 Verblyf in ’n Universiteitskoshuis sluit in:

8.2.2.1 bewoning van die toegewese kamer, soos wat die Universiteit van tyd tot tyd gedurende die jaar bepaal, met die uitsluiting van sekere vakansies;

8.2.2.2 waar van toepassing, toegang tot voedselvoorsiening gedurende die akademiese kwartale, op voorwaardes soos wat die Universiteit van tyd tot tyd bepaal; en

8.2.2.3 waar voedsel in koshuise voorsien word, word studente verbied om mikrogolwe, tweeplaatstofies, of ander oonde in hul kamers aan te hou. Die Universiteit behou die reg om hierdie items te konfiskeer.

8.2.3 Geen voedsel mag in kamers of op stoepe of balkonne voorberei word nie.

8.2.4 Die Universiteit behou die reg om die kamers gedurende sekere vakansietye vir die huisvesting van ander persone te gebruik.

8.2.5 Vreemdelinge (met ander woorde, persone wat nie studente is wat in die betrokke jaar in die betrokke koshuis geplaas is nie) mag nie gedurende die akademiese jaar sonder die toestemming van die inwonende hoof in koshuise oorslaap nie.

8.2.6 Inwoners en/of hulle gaste word finansieel aanspreeklik gehou vir alle skade wat hulle in die gebou aanrig. Hulle is verantwoordelik vir die toestand van die kamers wat hulle bewoon, sowel as die meubels en toerusting daarin, en is aanspreeklik vir enige skade wat hulle of ander, of apparaat wat hulle of ander gebruik, kan aanrig.

8.2.7 Strukturele veranderings aan meubels of Universiteitseiendom word onder geen omstandighede toegelaat nie.

8.2.8 Alle kamers moet vir gemagtigde koshuispersoneel toeganklik wees.

8.2.9 ’n Kamer word aan die student oorhandig, op welke tydstip studente ’n “inventaris” onderteken waarin hulle die toestand van die kamer bevestig. Ná ontruiming word die kamer weer deur die Koshuisdienstekoördineerder nagegaan. In geval van enige teenstrydigheid met die inventarisvorm sal skade van die student se rekening verhaal word.

8.2.10 Slegs enkelkragproppe of multisokverdelers met SABS-gemerkte uitskopskakelaars word in 15 amp-muurproppe toegelaat. Alle ander vorme van kragverdeling, byvoorbeeld dubbelsokke, tydelike bedrading, ensovoorts, is streng verbode. Slegs een apparaat met ’n behoorlike driedraadkoord word per kragprop in ’n multisokverdeler toegelaat.

8.2.11 Daar mag nie met skakelborde, uitskopskakelaars of permanente elektriese bedrading gepeuter word nie.

8.2.12 Geen toerusting wat brand- of ander gevare kan inhou, word in kamers toegelaat nie. Die Universiteit behou die reg om sodanige toerusting te konfiskeer.

8.2.13 Slegs een yskas (van hoogstens 150 liter) word per kamer toegelaat.

8.2.14 Enige items soos padtekens, naamborde, winkelwaentjies, blombakke en vuilgoeddromme wat nie koshuis- en dus Universiteitseiendom is nie, is streng verbode op enige plek in die koshuis of op die betrokke perseel, ongeag of dit gebruik, gekoop, geruil of geskenk is.

8.2.15 Geen meubels of toerusting mag sonder die toestemming van die inwonende hoof en die Koshuisdienstekoördineerder uit kamer(s) of enige ander lokaal in die koshuis verwyder word nie.

8.2.16 Die Universiteit is nie aanspreeklik vir die verlies of beskadiging van inwoners se eiendom nie, en die inwoner moet self die nodige versekeringsdekking reël. Dit sluit brand- of waterskade en diefstal in.

8.2.17 Brandblussers moet te alle tye op voorafbepaalde plekke in koshuise geplaas wees en mag slegs in geval van ’n brand verwyder word.

8.2.18 Noodapparaat soos brandblussers, brandslange en die inhoud van noodplankaste mag onder geen omstandighede misbruik of mee gepeuter word nie. Sodanige oortreding is strafbaar met summiere uitsetting.

8.2.19 Enige vorm van versperring in gange en deurlope, soos fietse en bromponies, is streng verbode.

8.2.20 Die ongemagtigde opstapeling van afvalpapier, karton of enige vlambare materiaal in enige lokaal in die koshuis is verbode. (Koshuise het toegewese plekke vir opstapeling van hierdie tipe materiaal vir herwinningsdoeleindes.)

8.2.21 Om veiligheidsredes moet koshuisinwoners voor hul vertrek aan die einde van die jaar of enige ander vakansie wanneer die Universiteit die kamer benodig, al hul besittings uit hul kamers verwyder en die klerekaste oop laat. Die inwonende hoof van elke koshuis sal, waar dit prakties moontlik is (met uitsluiting van die Desember/Januarie-vakansie), in oorleg met die huiskomitee ’n geskikte vertrek vir die berging van studente se besittings aanwys. Bergingsvoorsiening sal slegs vir behoorlik verpakte en geïdentifiseerde besittings gemaak word. Enige bergingsruimte in die fasiliteit sal onder die toesig en beheer van die huiskomitee wees.

8.2.22 Die aanhou van wapens is streng verbode en enige inwoner wat met ’n wapen gevind word, se verblyf sal sonder verwyl opgeskort word.

8.2.23 Geen diere mag aangehou word nie. Diere sal sonder verwyl verwyder word en aan die plaaslike DBV oorhandig word.

## 8.3. Prosedures en reëlings van toepassing op verblyf gedurende vakansies

8.3.1 Inwoners wat gedurende vakansies op Stellenbosch bly en wat hul koshuise ingevolge die prosedure oor die ontruiming van koshuiskamers vir sekere vakansies moet ontruim, kan aansoek doen om verblyf in ’n koshuis(e) wat die Universiteit vir dié doel beskikbaar stel, teen die betaling van die toepaslike heffing en op voorwaardes soos wat van tyd tot tyd kan geld.

## 8.4. Prosedures en reëlings van toepassing op was- en beddegoed

8.4.1 Inwoners moet hul eie beddegoed en ander linne, onder meer duvets, duvetoortreksels, lakens, slope, komberse en handdoeke, verskaf. Inwoners word aangeraai om ook ’n matrasbeskermer saam te bring.

8.4.2 Studente wat hul eie klere wil was, sal betaaltoegang tot wasmasjiene en tuimeldroërs ontvang.

## 8.5 Prosedures en reëlings van toepassing op etes

8.5.1 Gaste van enige personeellid of inwoner sal slegs met kennisgewing en teen betaling toegelaat word om etes by die koshuis te nuttig. Die inwonende hoof sal die nodige beheer uitoefen.

8.5.2 Etes kan slegs voorsien word aan studente wat etes met behulp van ’n studentekaart bespreek het. In alle gevalle moet etes minstens twee dae vooraf rekenaarmatig bespreek word. Indien studente nie bespreek het nie, kan hulle na afloop van die etenstyd teen dubbeltarief eet indien daar kos beskikbaar is.

8.5.3 By registrasie aan die begin van die jaar moet alle inwoners ’n etekwota volgens hul eie behoeftes kies. Nie-koshuisinwoners kan, op voorwaardes soos wat die Universiteit van tyd tot tyd bepaal, ook registreer om in ’n eetsaal te eet. PSO-studente in ’n bepaalde kluster kan byvoorbeeld bespreek om in die koshuiseetsale van die bepaalde kluster te eet.

8.5.4 Partytjies en spesiale funksies (kyk koshuisreëls – ook op ander tipe blyplekke van toepassing) sal slegs op die applikant se onkoste toegelaat word. Die inwonende hoof sal beheer uitoefen.

8.5.5 Alkoholiese drank word slegs ooreenkomstig die bepalings van die koshuisreëls in koshuise toegelaat.

8.5.6 Etenstye word deur die inwonende hoof in oorleg met die ResEd-koördineerder en die SUNCom-voldoeningsbeampte gereël.

8.5.7 Aangesien voedsel in Universiteitskoshuise in groot maat voorberei word, kan inwoners nie op ’n spesiale dieet aanspraak maak nie. Beperkte voorsiening word wel vir halaal maaltye gemaak.

## 8.6 Prosedures en reëlings van toepassing op gedrag

8.6.1 Studente se gedrag moet te alle tye met die dissiplinêre kode vir studente aan die US (kyk Deel 1 van die Jaarboek) ooreenstem. Voorts moet alle optrede wat moontlik aanstoot kan gee, vermy word. Die koshuis- en ander huisreëls moet deurlopend eerbiedig word.

8.6.2 Ten einde alle kamers te vul en met omstandighede (soos ekonomiese oorwegings en werklike inskrywingsgetalle) tred te hou, behou die Universiteit die reg om te eniger tyd enige bepalings, prosedures en reëlings te wysig of te skrap, of om ander by te voeg. (Kyk ook hoofstuk 1 en 2 van die Studentereglement.)

## 8.7 Bouwerk en instandhouding

8.7.1 Die Universiteit knap van tyd tot tyd die bouwerk in en om koshuise op en doen noodsaaklike instandhoudingswerk.

8.7.2 Die nodige maatreëls word getref om enige ongerief so ver moontlik te beperk.

| |
|---|
| Opgestel en goedgekeur deur die Koshuisplasingskantoor, die Sentrum vir Studentegemeenskappe, Tygerberg Kampusbestuur, Universiteit Stellenbosch Internasionaal en die Afdeling Kommersiële Dienste, 14 Mei 2018. |